AREA VERSLAG Area 2

Marina Cockcroft, Uitvoerende Bestuurslid

Om terug te kyk na Area 2 se werksaamhede van 2019 maak my opgewonde. Die dames is lojaal teenoor ons organisasie hulle geniet die vergaderings en kompetisies, dit is beleef tydens my takbesoeke.
Hierdie area bestaan uit 98 lede.
57 takvergaderings is gehou
17 demonstrasies
11 fondsinsamelings
3 damesoggende
Ons het ‘n area projek naamlik “ borg ‘n asblik” . die projek is met entoesiasme aangepak sommige asblikke is geverf, gemosaïk of plakkers opgeplak dit is versorei waar dit nodig is en so word VVLU bemark. Pannekoek en pantoffel projek was vir hulle baie lekker en elke tak het dit volgens sy behoefte gedoen.

Nuus uit die takke:
Cornelia is baie betrtokke by die gemeenskap en bederf die bejaardes met pannekoek en gebreide slaapsokkies vir die winter. Op 26 Oktober hou hul ‘n ma en dogter oggend saam met Cordelia en dit was ‘n groot sukses.

Eeram is ‘n besige tak hul bestaan uit 34 lede. Hulle werk eke jaar baie hard vir die vetvee funksie dit is hul spoggeleentheid van die jaar: die dekor en kos spreek van goeie smaak. Hulle hou ‘n high tea wat buitengewoon anders is met Dalena Ferreira as spreker hulle sê dit was hul hoogtepunt van die jaar.

Frankfort: tannie Lena Moster hulle oudste lid deel haar kennis met hulle en doen ‘n demonstrasie hoe om die moulose onderbaadjie en kerkskous te maak. Hulle het ook ‘n demonstrasie gehad hoe om jou eie kerse te maak. Met hul aktuele vergadering reël Hannalie Theron ‘n paar van die plaaslike skool se redenaars om te kom praat.
Harrismith is die kleinste tak in die area met slegs 6 lede. Maar onder die bestuur van mev. Tina Jordaan hou hul gereeld interessante vergaderings en kuier lekker oor ‘n koppie tee.
Vastrap hou van demonstrasies soms deur die lede of iemand van die gemeenskap. Met hulle Leefstyl vergadering is daar gesê dat lag die beste medisyne in vandag se lewe is, dit verlaag spanning, verbeter jou bui en veroorsaakp positiewe veranderinge in jou brein, Warden se dames neem graag deel aan kompetisies. Hulle het ‘n demonstrasie gehad hoe om juwele van krale en t -hemp materiaal te maak. Hulle leer ook hoe om reuse papier blomme te maak. Al het hulle die konferensie gereël het hulle nie geskroom om aan die konferensie se kompetisies deel te neem nie.
Wilge aand die tak bestaan uit 7 lede waarvan die meeste werk, hulle neem graag deel aan kompetisies en leer graag om iets nuuts te maak soos hoe om ‘n geskenk op te dollie. Hulle is baie betrokke in hul gemeenskap.

Marina Cockcroft
UB Area 2